

# Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 8, NO 2 FEBRUARIE 2002

REDAKSIONEEL

## OU GOUD OOR DIE PSALMS

Baie mense jaag deur die lewe. Soggens gou-gou stort, skeer, skoonheidsmiddels aanbring en aantrek. Party mense het nie eers tyd vir 'n ontbyt nie. En hulle het glad geen tyd vir 'n kort Bybellesing, oordenking en gebed nie. So begin mense die dag sonder die Here. Hoe sal ons na so 'n begin sy seën in die loop van die dag kan verwag?

Die Psalms, Spreuke en Prediker is van die Bybelboeke waardeur die Here ons in die daaglikse praktyk wil lei. Maar dan moet ons wel eerbiedig na Hom luister en sy woorde diep in ons harte laat indring.

Wat leer die Heilige Gees in die Psalmboek? Ons ou gereformeerde vadere het dit uiteengesit in hulle inleiding tot die psalms in die Nederlandse Statebybel. Hulle vertel: Die Psalmboek is een van die kanonieke boeke in die Ou Testament. Dit is 'n besondere kleinood wat die Here aan sy kerk skenk. Ons kan die inhoud van die psalms in geloof verstaan. Die rykdom van hierdie Bybelboek gaan egter ons verstand ver te bowe. Ons deurgrond dit nie. Ons kan die diepte van God se gedagtes nie onder woorde bring en met die pen beskryf nie.

Die kerk besit in die psalms 'n kort begrip van die hele Skrif. Ons ontvang onderrig onder meer oor:

- ons drie-enige Here: sy eienskappe en sy ewige raad,
- God se werke: die werke van sy barmhartigheid, sy weldade aan sy kerk en sy regverdigheid en oordeel oor alle goddeloses,
- die Messias: sy Persoon en sy amp, die goddelike natuur van ons Heiland, sy menswording, lyde, sterwe, opstanding, hemelvaart, sit aan die regterhand van die Vader en die

uitbreiding van sy koninkryk onder die heidene deur die prediking van die Woord,

- die mens: sy sondige staat, die aard en eienskappe van die wedergeboorte, die ware bekering, liefde vir en vrees van die Here, die ware geloof, vertrou op en roem in God, die geestelike stryd en die sekerheid van die saligheid,
- die kerk van Jode en heidene: die gemeenskap van die heiliges en die kerklike tug, asook
- ander gawes van die Heilige Gees: die vergewing van sondes, opstanding van die liggaam en die ewige lewe en ook
- oefeninge in die godsvrug soos: Hoe om die Here te loof en te prys, hoe om Hom vir sy weldade te dank, hoe om aan Hom dankbaarheid te belowe en te bewys, hoe om te bid (ook in teenspoed), hoe om te mediteer (Gods Woord te oordink) en hoe om in die geloof vertrous en versterk te word.

Deur gelowige en ywerige gebruik van die psalms sal die ryk inhoud daarvan soos hemeldou op die siele van die gelowiges neerdaal.

Die inleiding tot die psalms in die Statebybel - dit is ou goud, hierdie.

Dié goud mag nie in 'n skriftuurlike beryming van die psalms verdonker word nie. Die nuwe beryming van TT Cloete word in die rubriek 'Op die kerkerf' getoets. Hou die bostaande maar by die lees van dié twee artikels in gedagte.

Ou goud beteken niks as ons dit in 'n juwelekissie wegsteek nie. Die Here gee die psalms tot versiering van die lewe. Die Heilige Gees wil die goud van die psalms in die daaglikse optrede van God se kinders laat glans. So word ook ons naaste deur die Godgegewe goue wandel tot Hom getrek.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

### INHOUD

- 1 **Redaksioneel**  
*Ou goud oor die Psalms*
- 2 **Skrifoorndenking**  
*Waarlik ryk in Christus*  
Ds GJ Meijer
- 4 **Op die kerkerf**  
*Die nuwe Psalmberyming 2001*  
Prof. VE d'Assonville
- 7 *Mag gereformeerde kerke die nuwe Psalmberyming aanvaar*  
Dr JG Meijer
- 10 **Rekenaar en Internet**  
*Bybelprogramme*  
Dr AH Bogaards
- 11 **'n Rand per week . . .**  
Eindredakteur
- 11 **Persskou**
  - *Wrangvrug*
  - *Liedboek uit 'n ander hoek*Ds GJ Meijer

### SKRIFOORDENKING

## Waarlik ryk in Christus

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

*Hooglied 8:11,12 (sien ook 1:1-6)*

**Salomo het 'n wingerd in Baäl-Hamon gehad; hy het die wingerd aan die oppassers oorgegee; elkeen moes vir sy vrugte duisend sikkels silwer inbring. My wingerd, myne, is hier voor my, die duisend sikkels is vir u, Salomo, en tweehonderd vir die wat sy vrugte bewaak.**

Vir heelparty mense is die Hooglied van Salomo 'n raaiselagtige Bybelboek. Hoe moet ons dit

verstaan, wat moet ons daarmee doen, hoe moet ons dit in ons lewens toepas? Twee sake staan

vas wat vir ons as vertrekpunt dien. Die eerste: Hooglied is in al sy skoonheid van begin tot end Woord van God. Die tweede: vir die regte verstaan van Hooglied geld dieselfde reël as vir die regte verstaan van die res van die Ou Testament. Die reël word deur ons Here Jesus Christus gegee in Lukas 24:27, asook in Johannes 5:39. Daar sê Christus dat die hele Ou Testament op Hom betrekking het en van Hom getuig. Ook Hooglied word in Christus vervul.

## 'n Wingerd in Baäl-Hamon

Hooglied 8:11 begin met 'n verwysing na Salomo. Ons weet goed wie Salomo is. Hy is die seun van die roemryke en Godvresende koning Dawid. Salomo self is eweneens deur die HERE begenadig. Hy het van die HERE besondere wysheid ontvang om sy regeer-amp te bedien. Sy diepe insig in die lewe en uitnemende oordeelsvermoë het hom wêreldwyd bekend gemaak. Van oral oor het mense nadergestaan om na sy spreuke en uitsprake te luister, en sy ontsaglike rykdom te bewonder.

Van hierdie beroemde en beminde koning Salomo word vertel dat hy 'n wingerd in Baäl-Hamon gehad het. Dié wingerd het elke jaar 'n duisend sikkels silwer inkomste opgelewer. Dit is 'n groot klomp geld. Uit Jesaja 7:23 leer ons dat 'n duisend wingerdstokke 'n duisend silwerstukke werd is. Die prent wat vir ons geteken word, is een van welvaart. Die grote koning Salomo het êrens in sy koninkryk 'n stuk eiendom wat vir hom goeie dividende lewer. Vir die gewone man op straat is so iets ondenkbaar. Slegs 'n koning van Salomo se formaat kan so iets bekostig en beheer.

## 'n Tweede wingerd

Maar dan lees ons in Hooglied 8:12 van nóg 'n wingerd. Die keer gaan dit nie oor Salomo se wingerd nie, maar oor 'my' wingerd. Die vraag is onmiddellik: Wie is hierdie man wat praat van 'my wingerd'? Is dit 'n buurman van Salomo wat bietjie spog en sê: Salomo het 'n groot wingerd, maar kyk - ek het ook een? Dit sou seker onvanpas wees om te wil vergelyk en kompeteer met die wêreldbekende koning.

Nee, hier is geen sprake van 'n fisiese vergelyking tussen twee wingerde nie. Dit blyk trouens ook baie duidelik uit die res van die teks dat die ander man geen grootprater is nie.

Maar - wat moet ons dan wél verstaan van hierdie wingerd? Wat wil hierdie ander man sê as hy praat van sy wingerd teenoor Salomo se wingerd? Die antwoord op hierdie vraag lê in die begin van die Hooglied. In hoofstuk 1:6 is daar eweneens sprake van twee wingerde. 'n Eenvoudige meisie is daar aan die woord. Sy vertel vir die vroue van Jerusalem wie sy is: 'ek is bruin gebrand maar lieflik' (vers 5).

Bruin gebrand: dit was in daardie dae nie 'n bate soos dit vandag vir vele mense is nie. As iemand 'n bruingebrande vel het, beteken dit

dat hy 'n arbeider is wat op die lande werk en heeldag aan die son blootgestel word. Vir die mans was dit nog tot daaraan toe om bruingebrand te wees. Vir die vrouens was dit 'n teken van skande. Die meisie van Hooglied 1 spel die skande wat haar te beurt val in soveel woorde uit. Sy vertel dat die seuns van haar moeder (haar broers) toornig op haar was. Hulle het haar aangestel as oppasser van die wingerde. Sy moes saam met die mans snoei en skoffel in die hitte van die son. Vir 'n karige sommetjie geld moes sy haar vroulike skoonheid opoffer. Daardie offer was nie maklik nie. Luister hoe sy praat: 'my eie wingerd het ek nie opgepas nie'. My eie wingerd: verwys sy na 'n wingerd van druiwestokke wat sy nie kon oppas nie? Vir seker nie - sy sou seer beslis nie in 'n ander man se wingerd slawewerk verrig het as sy self 'n wingerd besit het nie. Die 'eie wingerd' is haar eie liggaam. Sy kon haar vroulikheid kwalik beskerm onder sulke moeilike omstandighede.

Die raaisel is besig om te ontvou. Enersyds is daar in Hooglied 1:6 sprake van 'n egte wingerd met egte druiwestokke. In dieselfde vers word die wingerdstok simbolies gebruik om 'n jong vrou se liggaam mee aan te dui. Presies dieselfde woordgebruik tref ons in Hooglied 8 aan. Eers word daar verwys na Salomo se wingerd met druiwestokke wat per jaar duisend sikkels silwer inkomste lewer. In die daaropvolgende vers is daar sprake van nog 'n wingerd: die wingerd van hoofstuk 1, die bruingebrande maar nietemin lieflike meisie.

Tussen hoofstuk 1 en hoofstuk 8 het daar heelwat met dié wingerd, dié meisie gebeur. Sy het van eienaar verander. Aanvanklik het sy na haarself verwys as 'my wingerd'. Nou noem 'n ander man haar 'my wingerd'. Dié man is haar man, haar bruidegom. Oor hulle liefde vir mekaar, hoe dit ontvlam en gegroei en ontwikkel het, oor hulle latere huweliksluiting wy die Hooglied breedvoerig uit.

## Punt van vergelyking

Salomo se wingerd word nie vergelyk met 'n ander man se wingerd nie - dit sou onvanpas wees. Salomo se wingerd, sy rykdom word wel vergelyk met die huwelikslewe van twee gelowige mense. Dat ons hier met gelowige mense te doen het, staan bo alle twyfel vas. Om na jou vrou te verwys as jou wingerd is meer as poësie, dit is taal wat die HERE behaag. Daardie taal weerklink in Psalm 128: jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis. Hooglied 8 vertel van 'n eenvoudige man wat trou met 'n eenvoudige meisie. Rykdom by wyse van eiendom het hulle nie. Hulle moet met 'n klein salarissie tevrede wees. Met hulle huweliksluiting was daar geen duur geskenke aangedra nie. Hulle stap nie 'n woonstel vol meubels en luukse artikels binne nie. Salomo se wingerd sal hulle waarskynlik in hulle leeftyd nie kan bekostig nie. Tog is hulle ryk, anders ryk. Hulle is ryk in die HERE. Hulle het 'n huweliksverbond gesluit waarbinne God in die sentrum staan.

### VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

#### Voorsitter:

Dr AH van den Bout  
Tel (012) 332-2988  
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

#### Redaksie:

Ds ALA Buys  
A Juyn  
Ds GJ Meijer  
Dr JG Meijer  
Ds SJMS Smit

#### Eindredaksie:

Dr JG Meijer  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel (012) 329-1465  
E-pos:  
jgmeijer@cybertrade.co.za

#### Medewerkers:

Dr AH Bogaards  
Dr JM Boon  
Prof JC Coetzee  
Prof GJC Jordaan  
Dr AH van den Bout

#### Administrasie-adres:

Waarheid en Dwalig  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel (012) 335-9134  
(Mev Hanneke Das)

#### Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904  
ABSA  
Pretoria Waverley Plaza

#### Intekengeld:

R 100 per jaar

#### Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

#### Tegniese versorging:

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina  
0031  
E-pos: printbur@mweb.co.za

Hulle het mekaar opreg lief, hulle ondersteun mekaar, hulle dra mekaar, hulle smaak ongekende geluk en lewensvreugde; die lewe is 'n lied. Hulle vorm saam 'n span waarop gereken word in die kerk en die samelewing. Dit is hulle rykdom. 'n Rykdom wat nie in geld meetbaar is nie.

So kan die gelukkige bruidegom tog vergelyk. Salomo kan sy wingerd met al sy winste maar hou. Op die oog af mag dit soos suur druiwe lyk. Maar dit is beslis nie die geval nie. Hierdie bruidegom respekteer die koning en sy materiële rykdom. Hy misken vir geen oomblik dat die wingerd met die duisend druiwestokke rykdom kan wees nie. Wat vir hom wel duidelik is, is dat so 'n groot wingerd nie noodwendig ware rykdom in die HERE is nie. Sy eie rykdom, sy saamleef met sy gelowige vrou wat die HERE vir hom gegee het, beteken vir hom baie meer as 'n plaashuis vol geld.

## Ryk in Christus

Die vergelyking waarmee ons in Hooglied 8 te doen het, is besonder veelseggend. Jare later sou hy weer gemaak word, in Matteus 6. Daar trek die Here Jesus die lyn verder as Hy vir sy dissipels beduie: 'Let op die lilies van die veld, hoe hulle groei. Hulle arbei nie en hulle spin nie'. En dan leer Jesus vir sy dissipels: 'Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie'. Een veldlelie is ryker as Salomo met al sy skatte. Een hardwerkende kind, een betrokke gelowige, een minder goeie maar toegewyde egpaar is ryker as die wêreld met al sy skatte. Solank ons maar ryk is in ons geloof en liefde vir God. Solank ons een is met ons Here Jesus Christus wat ter wille van ons arm geword het sodat ons vir ewig ryk kan wees.

## Kwaliteit-rykdom

Die bruidegom van Hooglied 8 maak 'n belangrike opmerking oor Salomo se wingerd. Hy sê dat Salomo die wingerd aan die oppassers toevertrou het. Talle arbeiders het in Salomo se wingerd gewerk. Party moes die grond bewerk, ander moes aandag gee aan die snoei van die lote. Dan was daar ook nog 'n spesiale span wat voëls, jakkalse en ander vrugtediewe moes verjaag. So 'n groot wingerd soos die van Salomo kan nie onversorg en onopgepas bly nie. Tog het Salomo self geen vinger verroer om die wingerd in stand te hou nie. Hy het hoogstens een of twee maal per jaar in sy deftige rytuig na die wingerd toe gery om te kyk of alles nog reg loop. Dit klink alles heel aangenaam en gerieflik. Geld stroom in sonder dat daar vreeslik moeite gedoen word om sake te beheer.

Desnieteenstaande is daar iets grondigs wat kortkom met sulke rykdom. In ons volksmond bestaan daar 'n spreekwoord wat sê: ver van jou goed, naby jou skade. Vir Salomo was dit daadwerklik die geval. Sy kapitaalkragtige wingerd was vir hom 'n bate op papier – nie veel meer nie. Ander mense het van die mooi en die aangename van die wingerd geniet. By dit alles duik die vraag op: Hoeveel keer het daardie 'ander' mense die eenaar ingedoen? Wat het uiteindelik van al Salomo se skatte oorgebly? Kort na sy dood word sy magtige koninkryk in twee stukke verdeel. Salomo se seun Rehabeam erf die kleinste deel: slegs twee van die twaalf stamme. Tien-twaalfdes van Salomo se rykdom land in die hande van ander - die wingerd ingesluit. Jare later, met die ballingskap, val álles in die hande van heidene. Erfgoed is swerfgoed. Die vraag is kritiek: Wat is die *kwaliteit* van sulke rykdom?

Skerp daarteenoor staan die arbeider-bruidegom. Hy is getroud met sy bruingebrende, lieflike wingerdstok. Hy versorg self sy wingerd. Hy koester sy vrou met al sy liefde. Tot drie maal toe

onderstreep hy hoe weselik dit vir hom is dat daar geen afstand tussen hom en sy wingerd sal wees nie: 'My wingerd, *myne*, is hier voor *my*'. Sy is nie daar ver, soos Salomo se wingerd nie. Sy is hier by hom, voor hom, om hom. Sy eiendom is kwaliteit, want hy leef ten nouste daarmee saam.

Weereens word die vergelyking tussen die twee wingerde skerp aan ons voorgehou. Salomo se rykdom lewer geen blywende vrug nie. Dit is geen gewaarborgde kwaliteit-rykdom nie. Die minder goeie bruidegom blyk uiteindelik ryk te wees, ryk in die HERE. Hy beskik oor 'n wingerd wat nie net 'n bate op papier is en somer van hom af weggevat kan word nie.

## Dink twee maal

Ook hierdie vergelyking word in Matteus 6 deurgevoer. By wyse van kritiese vrae maak die Here Jesus die oë van sy dissipels oop vir kwaliteit-rykdom. Wat kwel julle jul oor klere en kos? Waarna streef julle in hierdie lewe? Is julle besig met 'n oorlewingstryd waar alles uiteindelik draai om rand en sent? Of is die lewe meer as besittings? Is daar groter skatte as 'n wingerd met duisend druiwestokke? Christus se slotsom is die welbekende woorde: 'Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie. Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel'. Inderdaad welbekende woorde. Maar leef ons by hierdie woorde?

Jongmens wat 'n beroep kies, dink jy daaraan dat jy met jou keuse skatte bymekaar moet maak wat nie kan verniel nie? Dan is 'n salaris beslis nie die enigste faktor nie. En as jy met 'n meisie of 'n ou uitgaan, dink jy in terme van 'n kwaliteit-wingerdstok waarmee jy jou lewe voor die HERE kan deel? Dan is uiterlike skoonheid en goeie geselskap nie die enigste maatstaf nie. As 'n mens van tydspannering praat, van prioriteite, van finansiële offers wat gemaak word - dink jy dan aan kwaliteit, aan rykdom in die HERE? Dan word verskonings vir dit wat lewensbelangrik is, ontoelaatbaar.

Die HERE gee ons heelwat om oor na te dink in Hooglied 8. Die oproep is duidelik: Soek na dit wat blywend is - soek God in Christus! Word ryk in u Saligmaker deur alles wat u aanpak in die lig van sy Woord en verlossingswerk te doen.

## Vreugde van ware rykdom

Oor Salomo se rykdom word daar 'n groot vraagteken geplaas. Afgesien daarvan dat sy rykdom geen goeie kwaliteit is nie, lees ons dat van die duisend sikkels silwer wat die wingerd opbring, tweehonderd sikkels na die oppassers toe moet gaan. Salomo se winste is nie 100% syne nie. Die wyse Prediker sê daarvan (5:10): 'As die goed baie word, word die eters baie. Watter voordeel het die besitter daarvan, behalwe dat hy dit met sy oë aanskou?' Daarteenoor stel Prediker (5:17): 'Dit is voortreflik dat iemand eet en drink en die goeie geniet vir al sy arbeid waarmee hy hom vermoei onder die son gedurende die getal van sy lewensdae wat God hom gee'.

Dit is ware rykdom, om te geniet van dit wat God vir jou in Christus gee. Dan kan geld seer seker ook iets wees om van te geniet. Solank dit met dankbaarheid ontvang en met vreugde in diens van die Here aangewend word, kan enige materie vreugde verskaf. Tog is dit opmerklik dat die diepste vreugde nie in materiële dinge lê nie. Egte lewensvreugde kom daar waar 'n mens die HERE vrees. 'n Gelowige kind van die HERE wat materieel minder bedeed is, is 'n baie gelukkiger mens as iemand wat finansiële sterk staan maar die HERE nie ken nie. Tien rand in die hand van 'n Godvresende mens is oneindig

baie meer werd as tienduisend rand in die hand van 'n ongelowige. Hoekom? Omdat die gelowige weet vanwaar sy tien rand kom, Wie s'n dit eintlik is, wat hy in verantwoordelikheid voor God daarmee moet en mag doen.

Daarby kom nog dat die wonderlikste dinge in die lewe, dit wat 'n mens werklik ryk maak, nie met geld te koop is nie. Daar word op groot skaal gepoog om geluk te skep deur middel van welvaart, maar dit loop altyd op 'n mislukking uit. Mense in welvarende lande is beslis nie gelukkiger as mense in minder gegoede wêrelddele nie. Daar mag meer gerief in die eerste wêreld wees - maar gerief is nog geen geluk nie. Die waarheid is dat werklike vreugde slegs daar kan wees as 'n

mens naby die HERE leef. En dan is dit dikwels so dat 'n mens in die minder goeie tyd van jou lewe heelwat meer vreugde smaak as wanneer dit finansiële makliker gaan. Ook dit is voor die hand liggend. Want dit bly moeilik om in hierdie sondige bedeling voluit te besef dat die aarde met alles daarin en daarop die HERE se eiendom is.

Rykdom is slegs in God te vind. Wie dit verstaan, verstaan Hooglied, verstaan die vervulde Hooglied in Jesus Christus. Een ding moet ons lewenslank begeer: om Christus te besit, om Hom in geloof te omhels, om sy eiendom te wees. Wie Christus besit, kan baie mis. Want wie Christus besit en deur Christus besit word, het die ewige heerlikheid.

## OP DIE KERKERF

# Die nuwe Psalmberyming 2001 Weglatings en afwykings van die Hebreeuse teks

Prof. VE d'Assonville

(NB word as verkorting van Nuwe Beryming gebruik)

### 'Ek het die Messiaanse verwysings verwyder'

Die digter, professor TT Cloete, verklaar in *Rapport* van 4 November 2001 dat hy die profesie oor Jesus Christus in die nuwe psalmberyming weggelaat het. Dit was met opset. Sy presiese woorde lui dat hy die 'Messiaanse verwysings in sekere psalms... op grond van nuwe navorsing verwyder' het. Hierdie 'nuwe navorsing' is teologiese navorsing. Ons het nie geweet dat Cloete ook 'n teoloog is nie. Het ons hier met die sogenaamde 'Gemeenteteologie' te doen - 'n herlewing in 'n ander gewaad van die ou rasionalistiese Skrifkritiek uit die dae van Semler (1725-1791)?

Een saak is baie duidelik, veral as die NB aan die Hebreeuse teks getoets word: die digter het nie die gereformeerde beginsels vir die Psalmberyming 2001 gevolg nie. Hierdie beginsels vind ons in H Hasper se *Calvijns Beginsel voor de Zang in de Eredienst* (deel 1 1955; deel 2 1976; uitgegee in 's Gravenhage). Dit is onder andere die volgende:

- \* Die beryming moet *volledig* vanuit die Hebreeuse grondteks gedoen word (Hasper, 1:482);
- \* die koloriet (kunseffek) van die Bybelse beelde en segswyses moet behou word (Hasper 2:61);
- \* die melodieë moet waardig (nie wêrelds nie) vir die erediens wees (Hasper 1:481-482).

In 'n suiwer psalmberyming gaan dit oor ons belydenis van die *Skrifgesag* (artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis):

'Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is.'

### Die NB volg 'n nuwe beginsel: van die Skrif word weggelaat

In *Die Kerkblad* van 23 Mei 2001 het Phia van Helden, 'n pleitbesorger van die nuwe beryming, dit soos volg gestel: Dit is 'nie nodig om altyd al die items wat 'n Psalm in die Bybel

inhou, in die omdigting op te noem nie. Deur versigtige woordkeuse kan minder woorde steeds die inhoud van die Psalm Skrifgetrou weergee'.

'Items' van die Bybel word weggelaat. By die toets van elke Psalm aan die Hebreeuse teks blyk dit dat dit nie slegs 'items' is nie, maar ook groot gedeeltes van die psalms self. Ook baie kernwaarhede soos byvoorbeeld die *name van God*, die *wet*, die *verbond*, verwysings na *Christus*, die Hebreeuse begrippe vir *geregtigheid*, *goedertierenheid*, *God se wraak* (byvoorbeeld die tweede beryming van Ps 139) en nog meer, is uitgelaat.

### Algemene weglatings

Dit is onmoontlik om in één artikel al die *weglatings* aan te toon. Ons volstaan met enkele voorbeelde onder baie ander om te wys hoe ingrypend dele van die psalms weggesny is:

In Psalm 31 van die NB is 12 van die 25 verse gedeeltelik of heeltemal weggelaat en nie berym nie - ongeveer die helfte van die psalm. Hierdie verse is 4, 6, 8, 13, 14, 15, 17, 18, 21, 22, 23 en 25.

Let wel: Vers 6 wat weggelaat is, bevat die laaste kruiswoord van Jesus Christus.

In Psalm 37 van die NB is 20 van die 40 verse gedeeltelik of heeltemal weggelaat en nie berym nie - ongeveer die helfte van die psalm. Hierdie verse is 6, 7, 10, 11, 12, 17, 19, 21, 22, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 34, 35, 36, 38 en 39. Let wel: Die kernbelofte aan die gelowiges dat hulle *die aarde sal besit* wat vyf keer herhaal word (verse 9, 11, 22, 29 en 34) en wat ook Jesus se saligspreking in Matt 5:5 is, is heeltemal weggelaat.

Hierdie *weglatings* uit die Hebreeuse teks is deurgaans in die NB 'n algemene verskynsel. Lesers wat nie die psalms aan die oorspronklike kan toets nie, kan dit met 'n goeie vertaling van die Bybel wat die Hebreeus korrek vertolk, vergelyk. Ongeveer 30% is weggelaat.

### Weglatings en verkeerde gebruik van God se name

In die Hebreeuse grondteks van die Psalms vind ons drie eie-name vir God: *Jahwe* (HERE), *Adonai* (Here) en *Elohim* (God).

*Jahwe* (HERE): Hierdie naam gee die boodskap van *verlossing* uit genade (Ex 3:14). Dit is die HERE wat getrou bly aan sy *verbond*. Vir die Nuwe-Testamentiese gelowige beteken hierdie naam ook die Vader van ons Here Jesus Christus (B Holwerda, *Om Uwentwil getroost*. Goes, 1955, pp. 7-8).

*Adonai* (Here): In die Oosterse wêreld (Palestina) was hierdie naam die allerhoogste titel. Hy is die *almagtige Heerser* oor alles.

*El of Elohim* (God): In hierdie naam word die *soewereine* God geopenbaar, die *Alleenheerser*, die *ewige Gebieder*, die *hoogste Regter*.

Hierdie drie name van God word nie in die NB onderskei nie, maar willekeurig gebruik. Ons kan nooit agterkom wanneer die digter *Jahwe* of *Adonai* gebruik nie. Ander psalmberymings (ook die *nuwes* - Nederlands 1973; Engels 1972) maak 'n duidelike onderskeid soos volg:

*Nederlandse* bundels: 'HERE' vir *Jahwe*; 'Here' vir *Adonai*; 'God' vir *Elohim*.

1937 *Afrikaanse* psalmboek: Dieselfde soos in Nederlands.

*Engelse* berymings: 'LORD' vir *Jahwe*; 'Lord' vir *Adonai*; 'God' vir *Elohim*.

Dit is duidelik dat die NB hierin nie die Hebreeuse teks gevolg het nie, anders sou hy nie die name van God enersyds so maklik *weggelaat* het en andersyds so *verkeerd* gebruik het nie. Kyk na die volgende steekproewe:

Psalm 5: In die oorspronklike teks kom die naam *Jahwe* vyf keer voor en *Elohim* (God) drie keer. Die NB gebruik die naam *Jahwe* slegs twee keer. Die naam *Elohim* (God) gebruik hy net een keer en dan boonop verkeerd buite die verband van die teks. Hier, volgens die inhoud, moes hy juis die naam *Jahwe* gebruik het.

Psalm 6: In die oorspronklike Hebreeus kom die naam *Jahwe* (HERE) ses keer voor. Die NB gebruik dit slegs twee keer. Maar die NB gaan nog verder in sy afwyking van die oorspronklike teks: *Elohim* (God) wat glad nie in Psalm 6 staan nie, word nou twee keer hier ingevoeg.

Psalm 8: Hier is een van die duidelikste voorbeelde dat die NB geensins tussen die name *Jahwe* (HERE, die God van die verbond) en *Adonai* (Here, die Alleenheerser) onderskei nie. In verse 1 en 10 word hierdie name elke keer in die oorspronklike teks na mekaar genoem: 'HERE, ons Here...' In die NB word een van die name (ons weet nie watter een nie) in beide berymings (Cloete en Spies) *weggelaat*. Let wel: In die oorspronklike Hebreeus kom die naam *Elohim* nêrens in Psalm 8 voor nie. Die berymer Spies voeg dit somer *drie* keer, op haar eie, van buite af in - 'n growwe afwyking van die Bybelteks.

Psalm 9: In hierdie psalm volgens die Hebreeus, word die naam *Jahwe* (HERE) *nege* keer gebruik. Die NB het hierdie naam *sewe* keer *weggelaat*. Wat nog erger is: Die NB voeg *drie* keer die naam *Elohim* (God) in die psalm in - 'n naam wat nie in die oorspronklike teks voorkom nie. Hier is dus so 'n willekeurige gebruik van die Godsname wat duidelik bewys dat die NB nie die Hebreeuse Bybel gevolg het nie.

Psalm 11: In hierdie kort psalm word die naam *Jahwe* (HERE) *vier* keer in die Hebreeus gebruik. Die NB laat hierdie naam twee keer weg en voeg twee keer 'n ander naam (*Elohim* - God) wat nie in die teks staan nie, op sy eie in. Weer eens 'n groot minagting van die oorspronklike Bybelteks.

Hierdie baie *weglatings* en *wysigings* van God se name in die oorspronklike Hebreeuse teks kom deurgaans in die hele bundel van die NB voor. Dit word 'n onbegonne taak om al die 150 psalms se afwykings in hierdie verband in een artikel

weer te gee. 'n Sprekende voorbeeld van hierdie algemene tendens van weglatings en afwykings van die grondteks vind ons in *Antjie Krog se Psalm 16*:

In Psalm 16 word God se name ses keer in die oorspronklike Hebreeus genoem: *vier* keer *Jahwe* (HERE), *een* keer *Elohim* (God) en *een* keer *Adonai* (Here). In die hele psalm gebruik die digter slegs drie keer die naam Here, willekeurig sonder enige onderskeiding.

## Weglatings van die HERE se 'tora' (wet)

Die NB begin dadelik by Psalm 1 om die *wet* van die HERE wat twee keer genoem word, uit te skakel. Die ironie is dat die *wet* volgens gesaghebbende Skrifverklaarders die *sentrale plek* in Psalm 1 inneem omdat dit twee keer genoem word (vgl. NH Ridderbos, *De Psalmen*, deel 1. JH Kok, Kampen, 1962, p. 73).

Die HERE se *tora* (wet) is ook deur die NB in die volgende psalms *weggelaat*: Psalm 19:8 (Antjie Krog se beryming), Psalm 40:9, Psalm 78:10, Psalm 89:31, Psalm 94:12, Psalm 105:45. Van Psalm 119 waar die *tora* (wet) 24 keer voorkom, het die NB 11 daarvan *weggelaat*.

## Weglatings van die HERE se 'beriet' (verbond)

Hier kom ons by een van die grootste *kernwaarhede* in die Heilige Skrif en die Gereformeerde Belydenis: Die HERE se *verbond* met sy volk Israel (die kerk van die Ou Testament) en ons (die kerk van die Nuwe Testament). Dit beskryf die aangrypende verhouding van die HERE met Sy kinders. Die verbond is die HERE se waarborg van sy *beloftes* in Jesus Christus en vertel ook van die *eis* van gehoorsaamheid (vgl. die Gereformeerde Doopformulier). Die apostel Paulus noem die verbond in Galasiërs 3:15 die HERE se *testament* wat 'niemand kan vernietig of daaraan kan toevoeg nie'. Daarvan juig en jubel ons in die psalms wat ons elke keer in die kerk sing.

Maar wat maak ons met 'n psalmberyming wat dikwels die verbond verswyg en die oorspronklike waarhede van die verbond *weglaat*? Die NB het die Hebreeuse woord *beriet* (verbond) in die volgende psalms nie berym nie:

Psalm 25:10 (die eerste keer waar dit in die psalms genoem word), Psalm 25:14, Psalm 55:21, Psalm 74:20, Psalm 78:10 (opvallend dat ook die *wet* hier *weggelaat* is, juis waar verbond en *wet* saam genoem word), Psalm 89:4, Psalm 132:12.

Maar in verband met die verbond wat dikwels *weggelaat* word, is hier nog 'n dieperliggende probleem met die NB: Belangrike *verbondswoorde* (-terme) word deurgaans uit al die psalms in die NB *weggelaat*. Dit gebeur met die woorde *geregtigheid*, *goedertierenheid* en *barmhartigheid*, sleutelwoorde in Hebreeus.

- *Geregtigheid* vertel van God se verlossende genade.
- *Goedertierenheid* vertel dat God altyd die saak van sy verbondskind sal opneem.
- *Barmhartigheid* is God se medelye met sy verbondskind in nood.

Hierdie woorde vorm ook 'n integrale deel van die Gereformeerde Belydenis en ons geloofslewe.

Die NB het egter verkies om op sy eie hierdie duidelike woorde weg te laat of met andersseggende begrippe te vervang.

## Weglating van Christus

(Cloete erken dit op 4 November 2001)

1. Reeds in *Psalm 2* het die NB vers 7 wat na Jesus Christus verwys, *weggelaat*. Behalwe die oorspronklike Hebreeuse

teks van die psalm, is die ander Bybeltekste wat Psalm 2 aanhaal, nooit geraadpleeg nie. Vers 7 van die psalm is 'n direkte verwysing na Jesus Christus en dit word drie keer in die Nuwe Testament aangehaal en op Hom toegepas:

- Handeling 13:33: '... soos ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer'.
- Hebreërs 1:5: 'Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer?'
- Hebreërs 5:5: '... U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer'.

Vers 7 van Psalm 2 wat so duidelik deur die Nuwe Testament op drie plekke op Jesus Christus toegepas word, is heeltemal deur die NB weggelaat!

2. Psalm 8:3 (Spies se beryming): Die Hebreuse woord vir *suigeling* is weggelaat. Christus se toepassing van hierdie vers in Matt 21:16 kry in die psalm dus geen betekenis nie.
3. Psalm 22:2: Die NB het Psalm 22:2 *nie korrek* volgens die Hebreus vertolk nie en daarom is Jesus se kruiswoord 'My God, my God, waarom het U my verlaat' ook nie korrek weergegee nie.

Psalm 22:8 (bespotting en skud van die hoof) is 'n profesie van die kruisiging van Jesus en is letterlik in Matt 27:39 aangehaal. Die NB het dit weggelaat.

Psalm 22:17b (hande en voete deurgrawe) is 'n profesie op die spykers wat deur Jesus se hande en voete aan die kruis geslaan is (vgl. Calvyn se kommentaar). Die NB het dit egter *nie berym nie*.

Psalm 22:23: Die 'broers' van Dawid in hierdie vers word in Heb 2:12 toegepas op die geestelike *broers van Jesus*. Die NB het hierdie belangrike vers weggelaat.

Psalm 22:24: Die nageslag van Jakob. Dit sien op die *verbond* in Christus. Die NB het dit weggelaat.

4. Psalm 31:6 'In U hand gee ek my gees oor'. Dit is 'n profesie op *Jesus se laaste kruiswoord* in Luk 23:46. Die diaken Stéfanus het ook dieselfde sterwenswoord uitgespreek (Hand 7:59). Calvyn sê van Psalm 31:6: 'Dit is een van die belangrikste plekke in die Heilige Skrif'. Die NB het dit egter weggelaat.
5. Psalm 37:11: Die ootmoediges sal die aarde besit. Hierdie belofte aan die gelowiges dat hulle die aarde sal besit, kom vyf keer in Psalm 37 voor (verse 9, 11, 22, 29 en 34). Dit dui op *Jesus se saligspreking* in Matt 5:5: 'Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe'. Die NB het dit heeltemal weggelaat.
6. Psalm 41:10: *Jesus se verraaier* Judas Iskariot. Joh. 13:18 haal Ps 41:10 presies aan en verklaar dat dit op Judas van toepassing is. En nou het die NB hierdie uiters belangrike Skrifwoord weggelaat.
7. Psalm 45:7: 'U troon o *Elohim* (God) is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer'. Hebreërs 1:8 haal dit presies so aan en maak dit op *Jesus Christus* van toepassing. Dieselfde geld ook van Psalm 45:8 en weer eens word dit in Hebreërs 1:9 aangehaal en op Christus toegepas. Verstommend: Die NB het al twee hierdie belangrike verse van Psalm 45 weggelaat.
8. Psalm 47:6: 'God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank'. Dit is onder meer 'n profesie op *Christus se hemelvaart* (vgl. Calvyn se kommentaar op hierdie vers). Die NB het dit heeltemal weggelaat.
9. Psalm 67:3: Die *heil* (redding) van die nasies. Hierdie

psalm is in die *lofsang van Simeon* (Luk 2:30-32) op Jesus Christus toegepas. Die NB het dit weggelaat.

10. Psalm 68:19: Dit dui op die *hemelvaart* van Jesus Christus. So verklaar Efesiërs 4:8 tot 10 hierdie psalmvers. Dit het die NB dit nooit raakgesien nie, want die woorde 'U het opgeklim na die hoogte ...' het hy weggelaat.
11. Psalm 69:10: 'Die ywer vir u huis het my verteer...'. Die NB het dit nie in ag geneem dat hierdie woorde uit die psalm direk op *Jesus* deur Sy dissipels in Joh 2:17 toegepas is nie en het dit weggelaat. Die NB het ook nie raakgesien dat die tweede deel van Psalm 69:10 (die smaadhede) deur die apostel Paulus in Romeine 15:3 direk op Jesus Christus toegepas is nie. *Christus* is in Psalm 69:10 *wegberym*.
12. Psalm 82:6: 'Ek self het gesê: Julle is gode, en julle is almal seuns van die Allerhoogste'. In Joh 10:34 haal *Christus* teenoor die Jode hierdie vers aan. Die NB het dit weggelaat.
13. Psalm 89:13: 'Ek het Dawid my kneg gevind, met my heilige olie hom gesalf.' Nou kom Paulus en in sy rede in die sinagoge in Pisidië haal hy Psalm 89:13 in Hand 13:22 aan en pas dit op *Jesus Christus* toe. Hierdie verkiesing van Dawid as koning dui op die koningskap van Christus. Die NB het Psalm 89:13 heeltemal weggelaat.
14. Psalm 91:11 en 12: Hierdie verse word deur *Satan* in Luk 4:10 aangehaal en op Jesus toegepas. Jesus se antwoord hierop (Luk 4:12) is buitengewoon belangrik. Die NB het egter Ps 91:11 en 12 so verskraal en ingekort dat die eintlike punt, God se *bevel* aangaande die engele weggelaat is.
15. Psalm 110:1: Hierdie psalmvers is dié een wat die meeste in die Nuwe Testament aangehaal word (ten minste *twalf* keer) en op Christus toegepas word. Jesus haal dit self aan (Matt 22:44; Mark 12:36; Luk 20:42). Ons haal dit hier volgens die oorspronklike Hebreus aan en daarnaas die NB se vertolking om dit te toets:  

'Die Jahwe (HERE) het tot my Adonai (Here) gesê: Sit aan my regterhand, totdat ek u vyande as 'n voetbank van u voete gestel het.'	NB: 'Dit het die Heer belowe vir my koning: "Sit aan my regterhand", het Hy gespreek, "en in die stryd behaal jy die oorwinning; Ek sal jou vyande se mag verbreek."'
--	---

Die NB het radikaal van die oorspronklike *Hebreus* afgewyk:

- i. *Adonai* (Here) - die Godsnaam - is vervang met 'my koning', wat nie in die psalm voorkom nie;
- ii. 'vyande as 'n voetbank van u voete' wat deur *Jesus* in Matt 22:44, Mark 12:36 en Luk 20:42 *letterlik* aangehaal word, is deur die NB 'n nuwe vertolking gegee, anders as die apostels in Hand 2:35, 1 Kor 15:25, Ef 1:22, Heb 1:13 en Heb 2:8.

## Slotopmerking

Jesus Christus vermeld die feit dat die Ou Testament waaronder ook die psalms na Hom heenwys. Dit sê Hyself na sy opstanding in Lukas 24:44:

'Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms (met ander woorde die hele Ou Testament - V.E. d'A.) vervul moet word.'

En wat vra die HERE nou van ons? Ons moet die *psalms* 'wat oor Jesus Christus geskrywe is', sing. Daarvoor gebruik ons die *psalmberyming* wat Hom volgens die Heilige Skrif vertolk. Dit gaan om die waarheid van die Woord!

# Mag gereformeerde kerke die nuwe psalmberyming aanvaar?

Dr JG Meijer, Pretoria

## U is die heilige wat woon onder die lofsange van Israel!

*Psalm 22:4.*

Die berymde psalms behoort tot die skatte wat die kerk besit. Kinders leer die verse. Hulle sing. In hulle lofsang word die Woord vervul: Uit die mond van kinders en suiglinge grondves die Here sterkte.<sup>1</sup>

Namate ons kinders opgroei, leer hulle die psalms al dieper verstaan en in die daaglikse praktyk aanvaar. Psalmverse gee leiding in die lewe. Gelowiges 'leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liederes'. Hulle sing van harte 'met dankbaarheid tot eer van die Here'.<sup>2</sup>

Psalmsing bereik 'n hoogtepunt, as die gemeente in die erediens saam sing. Hulle reageer op die Here se seën deur saam sy Naam te loof.. Gods woord weerklink en word amptelik verkondig. Die kerkvolk antwoord in belydenis, gebede en psalms. Daar waar sy psalms gesing word, wil die Here genadig en liefdevol teenwoordig wees. Die Heilige woon onder die lofsange van Israel, sy kerk.

In die loop van die jaar 2001 is die nuwe Afrikaanse psalmberyming voltooi. Die NG- en NH-Kerke het die resultaat feestelik en jubelend ontvang en aanvaar.<sup>3</sup>

Die vraag kom op ons af: Mag die GKSA hierdie voorbeeld navolg? Is die nuwe beryming die Here welgevallig? Wil Hy onder hierdie lofsange woon?

Ons luister in hierdie artikel eers na een van ons deputate vir die psalmberymings. Hy gee inligting oor die beryming-proses. Vervolgens gee ons aandag aan ons kerklike ooreenkoms om die beryming te toets. Ons kyk derdens na die toetsstene. Vierdens besin ons oor die grondliggende Skrifbeskouing in die nuwe beryming. In die volgende deel volg 'n toetsing van die nuwe beryming. Ten slotte vra ons aandag vir herbesinning oor die nuwe Bybelvertaling.

## Die beryming-proses

Ds JP Bingle, een van die betrokke deputate, het 'n artikel oor die nuwe beryming geskryf onder die titel *Hebreeuse Psalms in ritmiese Afrikaans*. Dié artikel is in November 2001 gepubliseer.<sup>4</sup>

Hy vertel: 'n Interkerklike kommissie het die psalmberyming begelei. Die proses van beryming het soos volg verloop:

1. Ou-Testamentici en Hebreeuse talekenners 'lewer 'n deeglike eksegeese van 'n psalm'.
2. Die digter gaan met die psalm en hierdie eksegeese aan die werk. 'n Beryming – digter Cloete praat van 'n omdigting - ontstaan.
3. Hy dra sy eerste resultaat aan 'n paneel deskundiges ter beoordeling voor. Ds Bingle noem in hierdie verband drie name, naamlik dié van prof. HF van Rooy (vir beoordeling van berymde psalms in die lig van die Hebreeuse teks), prof. Heilna du Plooy (vir letterkundige beoordeling) en dr Daleen Kruger (vir musikale beoordeling).
4. Die kundiges lewer kritiek en lê dit aan die digter voor.
5. Die digter verwerk die kritiek en lê sy tweede resultaat aan die kundiges voor.

6. Die tweede beryming word as eindresultaat aanvaar.

Hierdie ses stappe is meesal die kortste pad. As die kundiges die tweede resultaat nog ongenoegsaam bevind, volg opnuut stappe vier tot ses ensovoorts totdat almal met die berymde psalm tevrede is.

Al hierdie stappe in die 'moeisame proses' is volgens ds Bingle gedoen 'ter wille van die uiteindelijke eksegetiese en leerstellige suiwerheid, literêre gehalte en musikale geslaagdheid van die psalmtekste'.

Nie een van die betrokkenes het na die proses kenbaar gemaak dat hy of sy nie met die eindresultaat saamstem nie. Ons mag dus vasstel dat die nuwe beryming in die grootste moontlike eensgesindheid tot stand gekom het.

Die laaste sinode van die GKSA het uitgespreek dat die kerke en lidmate geleentheid tot toetsing moet ontvang. Die vergadering het aan deputate opgedra om die uitslae daarvan in te samel en dit ordelik aan die volgende sinode (DV in die jaar 2003) voor te lê.

## Die kerklike ooreenkoms om te toets

Die GKSA het in hulle laaste sinode ooreengekom: Die kerke sal self toets. Daar ontstaan vrae. Wat moet getoets word? Wie moet toets? Wie moet die uitslae daarvan orden en aan die volgende sinode voorlê? En waaraan moet getoets word? Hierdie vrae kry hieronder ons aandag.

Wat moet getoets word? Die Sinode het besluit dat die kerke geleentheid ontvang om *drie berymings* te toets, naamlik die beryming van Totius, die Totius-beryming wat deur ons ontslape broeder prof. PW Buys hersien is en die nuwe beryming van TT Cloete. Deputate moet dus twee berymings aan die kerkrade stuur om die toetsing moontlik te maak, te wete die hersiene Totius- en die Cloete-beryming.

Vir sover my kennis strek, het geen kerkraad die hersiene Totius-beryming van die deputate ontvang nie. Deputate het dus nie hierdie belangrike deel van hulle taak uitgevoer nie. Sodoende was kerke en lidmate nie in staat om die hersiene Totius-beryming te toets nie. As gevolg van hierdie versuim van deputate kan die volgende sinode dus nie die toetsing afrond en tot 'n finale beoordeling kom nie.

Wie moet die drie bogenoemde bundels toets? Die kerke, lidmate moet dit doen. Hulle moet dié taak onbevange kan uitvoer, sonder beïnvloeding van betrokkenes.

Wat doen deputate? Nog afgesien van prof. Heilna du Plooy se mededelings in *Die gereformeerde vroueblad* en ds Arnold Mulder se loflied in *Die Kerkblad* na aanleiding van die oorhandiging van die liedboek in die Stadsaal van Pretoria, verklaar ds Bingle: Deputate 'is van mening dat hierdie psalmberymingspoging sáám met die beryming van 1937 in een boek gebundel behoort te word sodat *albei* vir gebruik in die kerke beskikbaar is'. Hierdie oordeel word in die loop van

1 Ps 8:3; vgl. Matt 21:16.

2 Kol 3:16; vgl. Ef 5:19.

3 Sien die *Spesiale gesamentlike uitgawe van Lig en Konteks*, die twee maandelikse tydskrifte van die NG en die NH Kerke onder die titel *Liedboek-fee* (Oktober 2001).

4 JP Bingle. *Hebreeuse Psalms in ritmiese Afrikaans* (onder datum 2001). *Die Kerkblad*, 21 November 2001:12-15.

November gepubliseer, meer as drie maande voor die afsluitingsdatum waarop kerke hulle toetsing aan die deputate kan instuur.

Deputate oordeel in die tyd dat kerkrade nog toets. Hulle oordeel is prematuur. Hulle verhinder sodoende die kerkrade en lidmate om rustig, selfstandig en objektief te toets. Deputate dien nie, maar loop met hulle voortydige positiewe oordeel heersend voor die voete van die kerke. Dit kan geen gereformeerde sinode goedkeur nie.

*Wie moet die uitslae van die kerklike toetsing orden en aan die volgende sinode voorlê?* Sekerlik nie deputate wat by die hele proses van die beryming nou betrokke was en uit die aard van die saak reeds hulle oordeel gevorm het nie. Die laaste sinode het met die herbenoeming van hierdie deputate 'regters in eie sake' aangestel.

Die rapport van die deputate aan die volgende sinode is in die lig van die bostaande onvoldoende om op grond van dié rapport tot 'n finale besluit oor psalmberymings te kom, want

1. die kerke het geen geleentheid ontvang om die hersiene Totius-beryming te toets nie,
2. deputate het deur voortydige publikasie van hulle 'mening' rustige, selfstandige en objektiewe toetsing deur kerkrade en lidmate verhinder en
3. deputate se 'mening' is 'n oordeel van mense wat te nou by die hele proses van beryming betrokke was vir 'n oorwoë, skriftuurlike oordeelvorming.

Toetsing moet vanselfsprekend die toets van eerlikheid kan deurstaan. Voorstanders van die Totius-beryming(s) behoort die Cloete-omdigting op sy eie waarde te takseer. En omgekeerd.

Teen die Totius-beryming word aangevoer: Die taal is verouderde Afrikaans. Wat die inhoud betref, het Totius die Nederlandse beryming van 1773 vrywel klakkeloos oorgeneem en in Afrikaans vertaal.

Prof. Schulze toon die ondeugdelikheid van die laaste opmerking in drie artikels aan. Hy stel ondersoek in na die eerste tien psalms en kyk in sy slotartikel na Psalm 13. Sy slotsom? Totius het ou goud uit verskillende ou berymings oorgeneem. Hierdie ou goud vul slegs omtrent 10-15% van sy beryming.<sup>5</sup> Die aantyging dat hy 'n ou Nederlandse beryming oorgeneem het, is dus ongegrond.

Voorstanders van een beryming mag nie ander beryming(s) te laag waardeur om hulle eie standpunt deur te druk nie. Dit is oneerlik, in stryd met die negende gebod.

Maar dit tersyde. Ons moet aandag gee aan die volgende vraag: *Waarom* moet die nuwe beryming getoets word?

## Die toetsstene

Die kerke, in sinode byeen, het vyf toetsstene geformuleer waaraan 'n psalmberyming behoort te voldoen. Ds Bingle wys daarop in sy genoemde artikel. Ons moet berymings toets op hulle 'Skrifgetrouheid, leerstellige suiwerheid, musikaliteit, poëtiese gehalte en liturgiese bruikbaarheid'.

Skrifgetrouheid en leerstellige suiwerheid vorm saam die hoeksteen onder die vyf toetsstene. Elke beryming wat nie Skrifgetrou, nie leerstellig suiwer is nie, is eenvoudig onaanvaarbaar. So 'n beryming lewer die kerkvolk oor aan die sing van dwaling of kettery. Dit kan die Here nie behaag nie. Die Heilige wil nie onder lofsange wat van sy Woord afwyk, woon nie.

Die ander drie toetsstene is ook belangrik. Kerke wat lofsing, moet dit so goed moontlik doen. Die musikale toonsetting en die gehalte van die digwerk behoort ook tot die verheerliking van God by te dra. En 'n psalmbundel behoort uit die aard van die saak liturgies bruikbaar te wees.

Die belangrikheid van hierdie drie toetsstene neem egter niks van die prioriteit van die hoeksteen weg nie. 'n Skrifgetroue en dus leerstellig suiwere beryming is aanvaarbaar, alhoewel die toonsetting en digterlike gehalte nog enigsins te wense laat. Musiek en poësie van die hoogste gehalte is daarenteen onaanvaarbaar, as die inhoud van die beryming nie met Gods Woord ooreenstem nie.

Professor D' Assonville se toetsing in sy artikel in hierdie rubriek word uitdruklik tot die hoeksteen beperk. Hy stel die vraag: Is die Cloete-beryming Skrifgetrou, leerstellig suiwer en dus aanvaarbaar? Sy antwoord is: Nee, want in dié omdigting is

- messiaanse verwysings in sekere psalms op grond van nuwe navorsing verwyder,
- dele van psalms nie berym nie (omtrek 30%),
- die Godsname Jahwe, Adonai en Elohim weggelaat of nie ooreenkomstig die grondteks in die beryming weergegee nie,
- die tora hier en daar weggelaat en
- die verbond dikwels weggelaat met insluiting van verbondsworde soos geregtigheid, goedertierenheid en barmhartigheid.

In hierdie artikel soek ons na die teologiese agtergrond van die nuwe beryming. Hoekom is die Messias uit die nuwe beryming verwyder? Hoekom wyk hierdie beryming in 'n groot mate van die Hebreeuse grondteks af? Cloete antwoord: 'Op grond van nuwe navorsing'. Watter 'nuwe navorsing' bedoel hy?

## Die Skrifbeskouing in die nuwe beryming

Waar vind ons die resultate van die 'nuwe navorsing', die grondslag vir die werk van digter Cloete en die kommissie wat die psalms vir hom uitgelê het? In die *Bybel in praktyk*. Die aantekeninge by die boek Psalms is van die hand van prof. Jasper Burden, Ou-Testamentikus in Unisa se fakulteit teologie.

Hy vermeld: Die Psalms is 'God se Woord' (p. 754). In feite beskou hy die psalms egter as 'n uit en uit menslike boek. Ons lees in hierdie professor se inleidende aantekeninge: Die psalmboek 'is 'n weerspieëling van die menslike hart en siel. Die hele spektrum van die mens se ervaringsveld kom daarin tot uiting. ... Lees hierdie boek en hoor in jou gedagtes hoe gelowiges ... tot God roep' en Hom loof; 'die psalms bly deurgaans uitinge van die opregte emosies van God se kinders. ... Laat die eerlikheid van die psalmdigters jou lei tot 'n dieper en egte verhouding met God' (p. 752).

Die mens se ervaringsveld, menslike emosies. Eerlikheid van psalmdigters moet ons volgens prof. Burden lei. Die psalmboek is dus in sy oë 'n uit en uit menslike boek.

Wat van God se wraak in die psalms? In die vloek- of wraakpsalms hoor prof. Burden net vergelding, in teenstelling tot die Nuwe Testament. Hy skryf: 'Deur sy kruisdood en opstanding het Christus egter kom voldoen aan die vergeldingswet en aan God se geregtigheid. Ons moet gevolglik sonder

5 Sien LF Schulze. Totius die vertaler (slot). *Die Kerkblad*, 16 Januarie 2002:22-24.



uitsondering bly liefhê – dit is die Nuwe-Testamentiese teenvoeter vir die vloekpsalms’ (p. 806).

‘Teëvoeter’ ... Prof. Burden sien ’n kontras tussen die beide Testamente in die Skrif. Dit is Skrifkritiek. God wat in die Ou en Nuwe Testament spreek, kan homself nie weerspreek nie. Hierdie aantekeninge by die wraakpsalms bots met ons Skrifgeloof, met die eenheid van die Skrif.

Vir ’n mens wat aanneem dat die psalms net oor menslike ervarings en emosies handel, is dit vanselfsprekend onmoontlik dat dié boek profeteer oor toekomstige gebeurtenisse en oor die Seun van God wat in die volheid van die tyd vlees word.

Ons lees in Prof. Burden se aantekeninge by Psalm 2: Ons moet nie in hierdie psalm ’n voorspelling van Christus sien nie, maar weet dat dit ’n latere interpretasie is van die eerste christene’. Hy skryf by Psalm 110: ‘Ons kan nie in die psalms direkte voorspellings oor Christus aflees nie. Ons moet die Psalmbundel as ’n voor-christelike boek lees’. Profesie oor die Messias in die psalms beskou hy as ‘vermeende verwysings na Christus’. Die teologiese professor voeg daaraan toe: ‘*Onthou dit was ’n interpretasie van die eerste christene na die dood van Christus*’. Woorde van die Heiland in die vier evangelies word in hierdie aantekeninge geloën. Dit is volgens hierdie Unisa-teoloog woorde wat Jesus se volgelinge in sy mond gelê het, hulle interpretasie van sy woorde na sy dood.

Hier hoor ons die ‘nuwe navorsing’ op grond waarvan Cloete se digbundel tot stand gekom het. Nou verstaan ons waarom die digter in sy omdigting

- direkte messiaanse profesieë as ‘vermeende verwysings na Christus’ verwyder het,
- omtrent 30% van die oorspronklike Hebreeuse bundel weglaat,
- nogal vry met die Hebreeuse weergawe van die name van die Here omspring,
- die tora nie sy oorspronklike plek in die bundel laat behou nie en
- God se verbond en tipiese verbondsterme met vir moderne mense maklik verstaanbare woorde vervang.

Die grond vir Cloete se beryming is, kort saamgevat, ’n ‘Skrifkritiese ervaringsteologie’. Is dié ‘teologie’ vir gereformeerde kerke aanvaarbaar?

## Skrifgeloof teenoor ‘Skrifkritiese ervaringsteologie’

In een van die twisgesprekke tussen die Heiland en die Jode gaan dit oor sy identiteit. Die Jode loën dat Hy die Seun van God is. Die Here Jesus antwoord hulle: ‘Julle ondersoek die Skrifte (die Ou Testament), omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig’.<sup>6</sup>

Die Christus in die Ou Testament ... Jode verloën dit. Professor Burden ontken dit, saam met die Jode. TT Cloete verwyder dit uit sy digbundel op grond van nuwe navorsing. Daardie nuwe navorsing is platweg herhaling van die ou Joodse dwaling, ’n stokou kettery in die splinternuwe baadjie van *Die Bybel in praktyk*.

Twee manne loop op die pad van Emmaus. Die opgestane Christus voeg Hom by hulle en lê vir sy twee bekommerde metgeselle ‘in al die Skrifte (die hele Ou Testament) die dinge wat op Hom betrekking het’, uit. Toe Hy uit hulle geselskap verdwyn, hoor ons hulle sê: ‘Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte

uitgelê het nie?’<sup>7</sup>

Christus in die Ou Testament ... Die Emmausgangers het messiaanse uitleg van die Ou Testament ontvang. Die uitleg van die opgestane Here staan haaks op die sogenaamde ‘deeglike eksegesië’ (sien ds Bingle oor die eerste stap in die beryming-proses) wat Christus uit die Ou Testament wegverklaar.

In sy verskyning aan sy dissipels sê Hy wat uit die dood opgestaan het: ‘Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan’.<sup>8</sup>

Die Christus in die Ou Testament met insluiting van die Psalmbok ... Nee, nee, sê nuwe navorsers wat deur Cloete gevolg word: ‘vermeende verwysings na Christus’. Die evangelie van Matteus wat die vervulling van die Skrif so sterk benadruk, word na die ryk van die fabels verwys. Nuwe navorsers beweer: Die Skrif is glad nie in Christus vervul nie. Sy woorde is nie sy woorde nie; dis slegs interpretasie van die dissipels. Wat glo hierdie mense nog?!

Gaan die psalms dan nie oor die ervarings van gelowiges nie? Sekerlik. Dit gaan egter oor veel meer as gelowiges se ervaring en emosies. Die Psalmbundel maak deel uit van die een en ondeelbare Woord van God. Die Heilige Gees inspireer die digters. Sy inspirasie is werk van God, vir mense ondeurgrondelik. Ons hoor en sien die resultaat: Gods Woord klink uit die monde van mense; Gods Woord word in menslike skrif vasgelê, vir die kerk in alle tye en lande. Die Gees van God spreek in die hele Skrif.

Wat ondeurgrondelik is, moet ons maar nie in ‘nuwe navorsing’ probeer begryp en deurgrond nie. Wie dit wel doen, probeer om God na te reken. Dis hoogmoed, ‘regtertjie oor die Here’ speel.

Die geïnspireerde psalmdigters en ander profete het self nie eers deurgrond wat met hulle gebeur nie. Die Skrif vertel: Die profete van die ou bedeling ‘het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna’.<sup>9</sup>

Die Gees van Christus het vooruit van Hom getuig. Die Psalmbok is nie maar ’n boek vol menslike ervaring en emosie nie, maar ’n boek wat heenwys na Christus. Dis nie ’n voor-christelike boek nie, maar Christus-profesie. Ja, die Seun van God wat in die volheid van die tyd vlees sal word, sing deur die Gees sy eie psalms. Die psalms gee nie menslike nie, maar goddelike onderrig.

Skrifgeloof kan nie met enige Skrifkritiese ervaringsteologie saamgaan nie. Die Psalmbok behoort tot ‘die heilige en goddelike Skrif’.<sup>10</sup> Ons ontvang die psalms as deur die Gees van God geïnspireerde liedere, ‘as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig’.<sup>11</sup>

Nuwe navorsing wat hierdie belydenis verloën, is vir elke gereformeerde onaanvaarbaar. En elke beryming van psalms wat hierdie nuwe navorsing volg, is net so onaanvaarbaar. Tussen liedere wat die Messias uit die psalms wegberym en

6 Joh 5:39.

7 Luk 24:27, 32.

8 Luk 24:44-45.

9 1 Pet 1:11.

10 NGB, art. 3.

11 NGB, art. 5.

wat die Hebreuse grondteks nie optimaal naspreek nie, wil die Heilige nie woon nie.

In die lig van die bostaande moet ons die Cloete-beryming afwys om ons Skrifgeloof te behou.

## Die nuwe psalmberyming en die nuwe Bybelvertaling

Ds Bingle kondig die nuwe beryming aan as Hebreuse psalms in ritmiese Afrikaans.

Eerbiedig die digter van die nuwe beryming werklik die Hebreuse grondteks? Ek het slegs twee steekproewe geneem. Ons lees in Psalm 23:4 in die ou vertaling: 'u stok en u staf dié vertrous my'. Ons sien die herder met sy stok waarmee hy wilde diere van die skape weghou en sy staf waarmee hy afdwalende skape terugbring. Totius berym, na aan die grondteks: 'u stok en staf vertrous altyd en lei my'. Die nuwe Bybelvertaling gee 'n dinamies-ekwivalente weergawe van hierdie teks: 'In u hande is ek veilig'. Die stok en staf in die grondteks verdwyn uit die gesig. Cloete berym: 'en in u hande sal ek altyd veilig bly'. Dit is nie die Hebreuse psalm nie, maar die nuwe vertaling in ritmiese Afrikaans.

Ons sien dieselfde in die beryming van Psalm 110:1. Ons lees in die ou vertaling: 'Die HERE het tot my Here gespreek'. Dit

is 'n noukeurige weergawe van die grondteks: *Jahwe* het tot my *Adonai* gespreek. Die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuaginta) gee hierdie woorde soos volg weer: Die *kurios* het tot my *kurios* gespreek. Totius berym: 'Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het'. Die tweede woord HEER kan beter as Heer weergegee word. Die nuwe vertaling van Psalm 110:1 lui: 'Die Here het vir my koning gesê'. Hier word weer van die grondteks afgewyk. Die woord vir koning is in Hebreus *mêlêk* en in Grieks *basileus*. In Cloete se beryming begin Psalm 110 met die woorde: 'Dit het die Heer belowe vir my koning'. Ook hierdie weergawe sluit nie by die Hebreus en selfs nie by die Septuaginta aan nie, maar by die nuwe Bybelvertaling en ... die ervaringsteologie. Die openbaring dat Jahwe (die HERE) tot Adonai (die Here) spreek, verdwyn in die nuwe vertaling en in die nuwe beryming buite die horison.

Die nuwe navorsing in *Die Bybel in praktyk* is in die jaar 1993 gepubliseer, tien jaar na die verskyning van die nuwe Bybelvertaling.

Mag daar in aansluiting by die toetsing van die nuwe psalmberyming 'n herbesinning oor die nuwe Bybelvertaling in ons midde op gang kom. Lê 'nuwe navorsing', skrifkritiese ervaringsteologie, ook ten grondslag van hierdie vertaling? Indien wel, dan is dié vertaling ewe onaanvaarbaar vir gebruik in die eredienste as die Cloete-beryming.

## REKENAAR EN INTERNET

# Bybelprogramme

## Nog gratis Bybelprogramme

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

### ONLINE BIBLE

Dit is seker een van die heel bekendste en oudste gratis Bybelprogramme beskikbaar in stad Internet.

Daar is verskillende adresse waar dit afgelaai kan word. Ek gee die volgende: <http://www.onlinebible.net/index.html>

By hierdie adres sal u baie skakels na ander adresse kry, waar u nog meer boeke kan aflaai.

Wat hierdie program vir my so heel besonder maak, is die feit dat dit nie alleen die *Nederlandse Statenvertaling* bevat nie, maar ook die *Kanttekening* – Dordt in die groot wêreldstad. Laai dit af by <http://www.onlinebible.org/>

Alles wat u van Online Bible van die Internet kan aflaai, is gratis.

Dit is ook wel moontlik om Online Bible op CD te koop. In Suid-Afrika kan u dit bestel by rev. Chris Alenskas. Sy telefoonnommers is (021) 557-6342 of 557-2027. Sy e-pos is [alenskas@iafrica.com](mailto:alenskas@iafrica.com). Die Nederlandse CD bevat unieke werke soos K Pop se *Bijbelse woorden en hun geheim*, die eerste deel van H Bavinck se *Gereformeerde Dogmatiek* en werke van HF Kohlbrugge. Die prys van die Nederlandse CD is • 119,00 en dit kan via die Internet (<http://www.onlinebible.org>) of by boekhandels bestel word.

### e-SWORD

e-Sword van Rick Meijers is 'n nuwe Bybelprogram (<http://www.e-sword.net>). 'n Massa bekende Bybelvertalings, die Strong's Bible Dictionary, vele ander woordeboeke, kommentare, onder andere die kommentare van Matthew Henry en John Gill, en die International Standard Bible Encyclopedia kan afgelaai word.

e-Sword is 'n gebruikersvriendelike program.

### SWORDPROJECT

Hierdie program (<http://www.crosswire.org>) is deur en deur die moeite werd en veral om die volgende rede: Dit bevat *Luther se vertaling van die Bybel in Duits (1545)*. Dit is die laaste uitgawe van hierdie Bybelvertaling waarby Luther persoonlik nog betrokke was. In 1546 is hy oorlede.

SwordProject het net soos Online Bible ook die *Nederlandse Statenvertaling* met die *Kanttekening*. U sal ook 'n verkorte weergawe van die Hebreuse woordeboek van Brown, Driver en Briggs daar kry en Spurgeon se verklaring van die Psalms.

### FREEBIBLE

Nog 'n gratis program is FreeBible (<http://www.freebible.com>) en soos die meeste ander gratis programme bevat dit werke soos Matthew Henry en die woordeboek van Strong.

# 'n Rand per week vir die biblioteek

'n Leser van *Waarheid en dwaling* het saam met sy intekengeld van hierdie jaar honderd rand aan die biblioteekfonds geskenk. Die bedrag van die skenkings het hiermee opgeloopt tot R 32 100.

Intussen is daar 'n groot getal rakke gebou en aangebring. Ons kon omtrent een derde van die biblioteek op hierdie rakke plaas. Die rakbouers gaan intussen voort om 'n tweede stel te vervaardig.

Die naam van die biblioteek behoort die doel en gebruik van die boeke en ander inligting (onder meer inligting deur rekenaars) kernagtig weer te gee. Die gedagtes van sommige stigting-lede loop ver. Hulle dink aan opleidingskursusse vir ouderlinge, samekomste van predikante uit Pretoria en omgewing om aktuele sake te bespreek, saam te besin oor prediking en ander amptelike arbeid, asook Bybelstudiegroepe. Kortom: 'n Gereformeerde studiesentrum vir Pretoria en omstreke.

Lesers word hiermee versoek om saam te dink en u gedagtes in te stuur.

Ek hoop dat die eerste nodige geld (nog omtrent R 68 000 van

R 100 000) spoedig inkom, sodat ons die skat wat ons ontvang het, op die kort termyn kan gebruik. Groot geskenke is baie welkom. Ons moet ook die penning van die weduwee nie vergeet nie. Is daar al êrens jongmense wat aktief is?

'n Rand per week vir die biblioteek. Baie rande maak 'n groot som.

Bydraes kan regstreeks op die bankrekening gedeponeer word. Die gegewens is:

**Stigting vir Gereformeerde Literatuur**  
**Absa Ben Swartstraat Tak**  
**Wonderboom-Suid, Pretoria**  
**Takkode: 334 645**  
**Rekeningnommer: 90 7390 2771.**

Tjeks, uitgemaak aan die Stigting, kan gestuur word aan die administrasie-adres van *Waarheid en dwaling*. Sien die gegewens op bladsy 2.

Ek wag op u en jou aksie.

Namens die Stigting,  
Eindredakteur.

## PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

### Wrangvrug

In *Beeld* van 18 Februarie 2002 verskyn die volgende brief:

*Al is ek net 17 jaar oud, is ek 'n daaglikse leser van Beeld. Die polemieë om die stand van Christelike onderwys in skole interesseer my baie. Ek merk egter op dat die groot bohaai net tussen onderwysers, ouers, predikante en die regering is. Nêrens word die mening van skoolleerlinge genoem nie. Ek is 'n leerling van 'n bekende 'Christelike skool' in Potchefstroom. Hier klou ons nog vas aan konserwatiewe en fundamentele Christelike waardes. Opening en afsluiting met Skriflesing en gebed is niks vreemds nie. Een of twee oppervlakkige Bybelversies word aangehaal en daarna lewer 'n leerlingraadslid 'n baie oorspronklike gebed (vrees die dag wanneer daar nie gebid gaan word nie, want dan sal ons gestraf word met vuur uit die hemele). In ons weeklikse Bybelonderrig-periode word ons geïndoktrineer met eenogige interpretasies van Bybelgeskrifte en enige gesprekke oor ander gelowe word so vinnig moontlik afgehandel om twyfel en dwaling onder ons 'wat mos almal Christene is' te voorkom. Af en toe besoek gewese drank- en dwelmverslaafdes of aspirant-cool Christen-rockbands ons skool. Hulle is mos 'net die ding' om die opstandige tieners van vandag se deurmekaar lewe weer rigting te gee. Vergeet die Bybel. Kom ons kyk maar of rock bands sal werk. Ons almal gaan eendag 'verlig' lag by skoolreünies omdat ons in streng Christelike skole was. Enige pogings teen die regering of min. Kader Asmal om Christelike onderwys te behou, is onnodig.*

*Christenskap in Afrikaanse skole (dalk in die res van die samelewing ook?) is klaar dood. Al wat ek elke dag om my sien, is 'n paar bygelowe en vreemde rituele deur mense wat hulself Christene noem. Miskien moes Karl Marx eerder gesê het: bygelowe is die opium van die massa.*

'n Vloedgolf van briewe het as reaksie gevolg. Dit was 'n mens te wagte. Daar is immers ook baie skoliere wat beslis nie hierdie 17-jarige se sentiment deel nie. Genadiglik.

Wat is egter die noodkreet wat in hierdie brief uitgeskreu word? Waar het hierdie tiener die pad byster geraak? By 'vergeet die Bybel. Kom ons kyk of rock bands sal werk'. Hoeveel keer moet daar nog gewys word op die noodsaak van deurleefde Skrifkennis? Gods volk gaan nie ten gronde weens 'n gebrek aan 'funky' kerke met 'cool' dominees en allerhande interessante projekte nie. Grootskaalse gebrek aan kennis en vertrouwe is besig om die tradisioneel godsdienstige Afrikanersamelewing te ondergrawe. In so 'n mate dat 'n tiener tot die siniese slotsom kom: 'Al wat ek elke dag om my sien, is 'n paar bygelowe en vreemde rituele deur mense wat hulself Christene noem'. Mag God gee dat ons kinders rondom die huisgodsdienstafel, tydens katkisasieklasse, onder die geklank van suiwer Woordverkondiging op Sondae en in Bybellesperiodes op skool 'n werklik deurleefde kennis van God en sy Woord mag opdoen.

### Liedboek uit 'n ander hoek

Die NH Kerk het, soos die NG Kerk, die nuwe Liedboek op 31 Oktober 2001 amptelik in gebruik geneem. Die gebruik van die Liedboek verloop egter nie sonder slag of stoot nie. Dit blyk uit enkele opmerkings wat Wedevegus in die Januarie/

Februarie uitgawe van *Konteks* – die tydskrif van die NH Kerk – maak.

*Die Algemene Kerkvergadering het al in 1983 besluit dat daar gewerk moet word aan 'n nuwe liedboek. Hoofsaaklik omdat:*

- Die psalmberyming heelwat Nederlandismes en argaïese uitdrukkings gehad het.
- Daar steeds 'n teologiese suiweringsproses veral ten opsigte van die gesange moet wees.
- Die onsingbare melodieë vervang moet word.

Die kerk behoort nie so snel te verwissel na opeenvolgende liedboeke nie – ons het nou al die vierde in my leeftyd, terwyl daar eerder vier of méér geslachte uit één liedboek behoort te sing. Dit is 'n ontsettende onreg wat teenoor ons ou mense gepleeg word om elke hawerklap ander liedere aan hulle op te dring. Ons sê: Ja maar die jeug vra na vernuwing! Weet u, die jeugdige is oor tien jaar nie meer die jeugdige nie en dan vra die nuwe jeug weer ander sangstukke. Dan is selfs die nuwe oue by hulle nog steeds onbekend en onbemind! En die jeug kan nooit die norm wees nie, maar sektor van opvoeding!

Al is die proses vir 'n nuwe boek al byna twee dekades aan die gang, en al is daar inligtingssessies hier en daar gehou, was hierdie belangrike werk in sy volledige konsep nooit voor 'n ringsvergadering nie. Die gees van die nuwe Kerkorde en die letter van Ordinansie 3.4.2.ix vereis dit. Ons liedere verklank immers ons geloof – dit is 'n geloofsbelofte volgens Ordereël 1.3.5. Selfs die nuwe Kerkorde het deur 'n deurtrapte proses van deursigtigheid ontstaan!

Wie kan eerlik in die buitengewone vergadering sê hulle het voldoende tyd gehad om die magistrale werk met 'n redelike fynkam te kon deurgaen om te sien of ons belydenis van geloof in hierdie liedere reg verklank word?

Enkele voorbeelde van vraagtekens by 'n oppervlakkige skandering:

- Psalm 5:1: Gee, Here, aan my woorde aandag,/sodat U my versugting hoor ... Die ou beryming het gesê dat God my versugting kan hoor sonder my duidelike woorde.
- Psalm 19:4 (alt): ... geen erts dra soveel gloed/As u bevel op aarde. Dié beeld is vergesog.
- In Psalm 46:2 is sprake van die Godstad se stil rivier. Nee, die Bybel ken die strome waaroor daar blydschap is – nie 'n stil rivier nie!
- In Psalm 99 val die gerubs nie neer voor God nie, maar in ons nuwe beryming wel!

- In Psalm 145 se 'van geslag tot vër geslag' is seker klaar vir die jeug 'n vreemdheid en argaïsme!

Omdat Totius, met sy musikaliteit, grondtaalkennis en digterlike gees, die Stateberyming hoofsaaklik net omgedig het in Afrikaans, sing ons byvoorbeeld bogenoemde psalms vir meer as 230 jaar al. Al ons voorouers, die Voortrekkers, ons ouers en ons ouer geslag het dit gesing. Dit was 'n beryming van die sinne van die Bybel. En dáárvan neem ons nou afskeid. Cloete se beryming is 'n digwerk van die sin van die psalms.

Sonder om op elke jota en tittel van Wedevegus in te zoem, net die volgende:

- Die behoeftes van die jeug kan inderdaad nie die norm wees vir ons doen en late in die kerk nie. Trouens, geen mens – ook geen volwassene - se behoefte kan as norm dien nie. God wil immers gedien word soos Hy dit van ons eis – nie soos ons dit die beste ag nie. Wie wil aanpas by die smaak van die mens, sal nimmereindigend aanpas. Dan sal die nuwe liedboek beslis binne die bestek van 'n paar jaar verouderd wees.
- Die opmerking oor die gebrek aan tyd wat gegun is om die liedboek aan die hand van die belydenis te weeg, is van belang, ook vir die Gereformeerde Kerke. Die deputate vir liturgiese sake het 'n duidelike uiteensetting gegee van die kriteria waarvolgens die 150 Psalms in die nuwe liedboek beoordeel moet word: Skrifgetrouheid, leerstellige suiwerheid, musikaliteit, taalkundigheid (poëtiese gehalte) en liturgiese bruikbaarheid. Om al 150 Psalms aan hierdie kriteria te toets is nie die werk van een maand nie. Ook nie van twee maande nie. Die praktyk wat al gevolg is en word (Gereformeerde Kerke Nederland, Vrijgemaakt werk ook tans aan 'n nuwe psalm-omdigting), is om die boek aan al die kerke beskikbaar te stel, sodat dit met verloop van drie jaar - van een nasionale sinode tot 'n volgende - rustig bestudeer en gekommentareer kan word. Vanwaar die huidige haas? Dit wek die indruk dat die saak bolangs hanteer moet word. Dit sou fataal wees.
- Die spyker word myns insiens op die kop geslaan in die laaste sin wat hierbo weergegee is: 'Dit (Totius se beryming) was 'n beryming van die sinne van die Bybel. Cloete se beryming is 'n digwerk van die sin van die psalms.' Kan 'n mens nog van beryming praat as die oorspronklike Psalm eers geïnterpreteer word, en dan in digvorm gegiet word? Sing ons dan nog Psalm 1, of sing ons Cloete se Psalm 1?



My tye is in U hand - dertig preke van Prof L Floor. Tema: God is altyd daar want ons lewe, ons tye is in sy heilige hand - R59.95

Heilig vir die Here - tien preke van ds Gerard Meijer oor die amp van alle gelowiges - R33.00


Jona en Haggai - twaalf preke van ds Hennie Momberg oor die boeke Jona en Haggai - R33.00

As daar lig is, is daar vrug - agtien preke van ds Petrus Venter oor Rut, Daniël en Maleagi - R33.00

#### DIE LEWE NA DIE DOOD

Wat sê die Bybel?

En as ek sterwe? deur ds Hennie Momberg is 'n troosryke begeleiding vir die wat met die dood gekonfronteer word - R 39.95



#### FOLMER BOEKHANDEL

Posbus 11607, Queenswood 0121

Telefoon 012 329 0031

Faks 012 329 5927

E-pos [iti03960@mweb.co.za](mailto:iti03960@mweb.co.za)

# Rasag in die hospitaal, kliniek of laboratorium?

Prof. JM Boon, Pretoria

**Doodmaak ondanks die reg van God, het die normale patroon in die gesondheidsorg geword. Dit beteken 'n duidelike wegbeweeg van die normale patroon van die Here.**

Die sesde gebod is baie konkreet: Jy mag nie doodslaan nie. Die Here beskerm die lewe wat Hy gemaak het. Hy verbind die hele mensdom aan hierdie gebod. Elke individu word aangespreek. Die lewe van die naaste mag nie wederregtelik geneem word nie. Dit is wat die oorspronklike Hebreeuse woord 'doodmaak', wat in die sesde gebod gebruik word, beteken. Die woord *rasag* word nooit gebruik as daar van doodmaak in 'n oorlog gepraat word nie en ook nie as dit gaan om doodmaak wat deur die wet van die Here vereis word nie. Die woord *rasag* sou ons beter met wederregtelik doodmaak kon vertaal.

Dieselfde woord *rasag* word in Numeri 35:20-25 gebruik en verder uitgewerk: 'En as hy hom uit haat stamp of met opset na hom gooi, sodat hy sterwe, of hom uit vyandskap met sy hand slaan, sodat hy sterwe, dan moet hy wat geslaan het, sekerlik gedood word; hy is 'n moordenaar... Maar as hy hom onvoorsiens, sonder vyandskap, stamp of enigiets sonder opset na hom gooi; of as hy enige klip waardeur iemand kan sterwe – as hy, sonder om dit te sien, dit op hom laat val, sodat hy sterwe, terwyl hy geen vyand van hom was en sy onheil nie gesoek het nie, dan moet die vergadering tussen hom wat doodgeslaan het, en die bloedwreker oordeel volgens hierdie voorskrifte. En die vergadering moet hom wat 'n doodslag begaan het, red uit die hand van die bloedwreker.'

Daar is dus in die wetgewing van die Here 'n verskil tussen doodmaak met duidelike bewuste voorbedagte raad of per ongeluk of sonder daarvan bewus te wees.

Die vraag is of die sesde gebod ook relevant is in die geneeskunde? Is daar sprake van wederregtelik doodmaak in die alledaagse mediese handeling in 'n hospitaal, kliniek en laboratorium? Soms gebeur dit dat 'n pasiënt sterf as gevolg van die behandeling van die medici, sonder dat dit die bedoeling of oogmerk van die behandeling was. Ons weet dat sekere medikasie nuwe-effekte het wat gebruik word om sekere simptome te bestry. Hierdie nuwe-effekte kan die dood moontlik verhaas.

Sou aktiewe eutanase, embryo doding deur middel van eksperimentele navorsing soos in vitro fertilisasie en sekere geboortebepoelende tegnieke waar die embryo gedood word, gelykstaan aan wederregtelik doodmaak?

Dit is duidelik dat die Here in sy Woord wederregtelik doodmaak verbind aan bewus wees en ingelig wees dat die daad die dood tot gevolg sal hê. Die vraag is dus eenvoudig die volgende: Is medici bewus en ingelig oor die feit dat 'n mediese handeling daadwerklik die dood van die pasiënt tot gevolg sal hê? Want dit is presies wat die sesde gebod verbied. Nie doodslag in die algemeen nie, maar bewuste, teen die beterswete in, teen die duidelike regtelike kennis dat hier sprake is van Godgegewe lewe.

Die antwoord op hierdie vraag word gevind in God se Woord en sy openbaring in die skepping. In die Bybel lees ons heel in die begin dat God die mens na sy beeld geskape het. Hy verbind aan hierdie lewe sy wet. Hierdie lewe mag nie

wederregtelik geneem word nie. Die menslike lewe het reg van bestaan teenoor die medemens. Die in sonde gevalle mens word deur God se wet beskerm teen verontregting. God se reg eis dat die lewe nie geneem mag word as dit nie strook met sy reg nie. Sy reg is dat hy mense die lewe gee teenoor mekaar. Daarom eis hy die reg op: Jy mag nie wederregtelik doodmaak nie.

Die onttrekking van behandeling van terminaal siek pasiënte wat die sterwe versnel, kan dus nie as wederregtelik doodmaak gesien word nie.

Hoe weet ons egter dat daar sprake is van Godgegewe lewe? Is dit nie onmoontlik om aan te toon dat daar al by 'n embryo of ontwikkelende lewe in die baarmoeder reeds sprake is van Godgegewe lewe nie? En speel die kwaliteit van lewe nie ook 'n rol nie?

Die getuienis uit God se skepping gee hierop 'n oorweldigende antwoord. Met behulp van elektronmikroskopie en noukeurige anatomiese studies is dit duidelik dat die embryo reeds al die genetiese materiaal en al die biologiese eienskappe van lewe besit. Geen bioloog sou kon ontken as daar in alle eerlikheid na die resultate van hierdie ondersoek gekyk word, dat daar nie sprake is van lewe nie. Hierdie inligting is verder nie onbekend en slegs toeganklik tot 'n paar ingewyde selbioloë nie. Nee, die inligting is vrylik beskikbaar vir enigiemand om te lees en te verifieer. Die Here wat die Skepper is van alle lewe, is ook die Skepper van die menslike embryo. Sy reg eis dat ook hierdie lewe, die lewe van siek terminale pasiënte asook die lewe met 'n gebrek, teenoor die medemens gehandhaaf sal word. Jy mag nie wederregtelik hierdie lewe neem nie, terwyl al die getuienis daar is dat dit God se lewe is.

Om hierdie lewe dus al in die baarmoeder met behulp van meganiese instrumentasie of farmakologiese middels dood te maak, kom neer op ingeligte, bewuste en met voorbedagte rade doodmaak. Die Skrif praat van wederregtelik met die hand slaan. Ons sou dit in vandag se terme kon verstaan as wederregtelik slaan met die abortiewe pil, 'morning after pil', instrumentasie wat inplating van die embryo in die baarmoeder verhoed, weggooi van embryo's in die laboratorium of farmakologiese middels wat die terminaal siek pasiënt se lewe wegneem.

Het die moderne mens met sy gevoel van ontwikkeling enigsins verder beweeg as Kain en sy selfgenoegsame vraag: 'Is ek my broer se wagtter?' (Genesis 4: 8)?

Geensins.

## Regte medisyne

In *Die Kerkblad* van 30 Januarie 2002 wy prof GJC Jordaan sy redaksionele artikel aan 'n Godsdienst-Aktueel bydrae van dr Isak Burger van die AGS wat op 14 Januarie in *Beeld* verskyn het. Prof. Jordaan beaam sekere 'in-die-kol opmerkings' wat dr Burger oor gesag en die uitleef van Gods Woord gemaak het. Prof. Jordaan maak ook enkele voetnoot-opmerkings wat besonder relevant is.

Waar moet die kerk begin om die Bybel en die waarheid daarvan te verdedig? ... As die kerk die waarheid en gesag van die Bybel wil verdedig, moet dit in die heel eerste plek weer die tug suiwer, toegewyd en met liefde begin toepas.

- *Toe ons belydenis van geloof afgelê het, is elkeen van ons immers gevra: Beloof u dat u u aan die Christelike vermaning en tug sal onderwerp as u in leer of lewe u misgaan? Hierop het ons elkeen 'ja' geantwoord.*
- *Ook ouderlinge en diakens word by hulle bevestiging telkens plegtig gevra: Belowe u om u aan die kerklike vermanings en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk? Die antwoord is klokslag 'ja'.*
- *Dieselfde vraag word aan elke predikant (en professor in teologie) gevra wanneer hy in sy diens bevestig word. Elkeen het hierop 'ja' geantwoord.*

Dit is dus geen skande om vermaan te word of voorwerp van die tug te wees nie. Wat wel onaanvaarbaar is, is as jy jou nie daaraan wil onderwerp nie. Nog minder aanvaarbaar is wanneer die kerk nie met die tug optree wanneer iemand in leer of lewe afwyk nie.

ywerig nakom, basuin aan die wêreld uit dat hulle God se gesag aanvaar en dat hulle hulle aan sy Woord onderwerp. Hoewel nie sonderloos nie, is die kerk dan toonbeeld van kinders wat na hulle Vader in die hemel luister en Hom wil gehoorsaam. Hulle wys aan 'n skeptiese wêreld dat God en sy Woord nie ligtelik opgeneem kan word nie en dat ons wel erns moet maak met sy gesag.

*'n Laaste voetnoot: Natuurlik staan God se almag en gesag vas oor alles en almal, selfs al herken hulle dit nie. God se gesag en die gesag van sy Woord is nie afhanklik van wat mense sê nie. Daarom is die Bybel se gesag nie beperk tot hulle wat dit as gesagvol ervaar en erken nie. Wat God sê, sê Hy met absolute gesag vir almal. Hy is immers die Here van almal, of hulle dit wil erken of nie. Die kerk is slegs hulle wat die genade ontvang het om God as die Here te leer ken en Hom as Here te dien en te vrees. Ook om Hom as Here aan die wêreld te verkondig. Dit is ons vreugde. Dit is ons roeping. En die begin van hierdie roeping lê by die tug.*

Inderdaad relevante voetnote. Veral gegewe ons kerklike omstandighede. Menings oor fundamentele sake soos Skrifbeskouing en Skrifhantering, die viering van nagmaal, die plek van die vrou in die kerk en die kerklied loop in vele opsigte skerp uiteen. Daarvan getuig artikels in kerklike tydskrifte, boeke uit die penne van gereformeerde teoloë, asook seminare en werkwinkels wat gehou word. 'Die stem van Potchefstroom', as sou dit 'n eendersluidende gereformeerde stem wees, is geensins so eendersluidend soos dit moet wees nie.

Kortom: die kerk wat sy roeping tot tug liefdevol, getrou en

Wat staan ons te doen? Of soos prof. Jordaan vra: Waar moet die kerk begin om die Bybel en die waarheid daarvan te verdedig? Die antwoord is – tereg: terug na die begin, na die wortels van ons kerkwees. 'As die kerk die waarheid en gesag van die Bybel wil verdedig, moet dit in die heel eerste plek weer die tug suiwer, toegewyd en met liefde begin toepas.' Dit sluit leertug in.

Op die basis van die Skrif en die belydenis moet ons mekaar hartgrondig kan aanspreek indien ons meen dat daar van die suiwer pad afgedwaal word. Sonder om meerderwaardig te

kritiseer. Ook sonder om gevoelsmatig en kleinserig te verdedig as jy aangespreek word.

So moet alle Woordbediening, lesings, seminare en geskrifte van watter aard ook al getoets word aan die maatstaf van Gods Woord. As dit nodig blyk te wees, moet die ordelike kerklike weg bewandel word om leerdwaling aan te spreek en uit die weg te ruim. Sodat voorkom word dat die gereformeerde kerkjeug ook by 'n punt kom om te sê: 'Al wat ek elke dag om my sien, is 'n paar bygelowe en vreemde rituele deur mense wat hulself Christene noem'.

